

27 Augustus

Skrifgedeelte: Psalm 111 en 112

Fokusgedeelte: Psalm 112:5

Leef vandag as beeld van God

Wanneer ons deur Psalm 111 en Psalm 112 lees val iets ons op. Psalm 111 gaan veral oor God en sy groot daad en Psalm 112 gaan veral oor die mens in diens van God.

In Psalm 111 sien ons wie God is. Kom ons dink bietjie saam oor Hom. God is volmaak in alles wat Hy doen – so anders as ons sondaarmense. Hy is genadig en barmhartig. In sy genade skenk Hy elke dag soveel dinge aan ons, al verdien ons dit nie. Hy verlos ons uit genade van al ons sondes; Hy spreek ons uit genade vry van ons sondeskuld – deur die geloof in Jesus Christus. Hy is met `n hart vol ontferming barmhartig oor mense in nood. Hy help, versorg en vertroos ons daaglik. Hy is getrou, altyd getrou aan sy beloftes en sy verbond. Soos Hy belowe het, het Hy die Christus, Verlosser van sondaars, na `n verlore wêreld gestuur. God is in al sy optrede reg. So is God.

Nou gebeur die opvallende: In Psalm 112 word baie dinge van die kind van God genoem wat in Psalm 111 van die Here gesê word.

vers 3: “Wat Hy doen, is reg.”

vers 4: “...hy is genadig, barmhartig en regverdig.”

vers 5: “Dit is `n goeie mens wat hom ontferm en wat uitleen en in al sy sake reg optree.”

Inderdaad – God se kind vertoon sy beeld. Kom ons lê ons elkeen vandag opnuut daarop toe. Tree reg en regverdig op in jou verhouding met ander mense. Vra na die regte daad, die regte woord in God se oë en doen en sê dit. Wees verder genadig teenoor diegene wat teenoor jou verkeerd opgetree het of vandag verkeerd gaan optree. Vergewe hulle soos jou hemelse Vader jou vergewe het sonder dat jy dit verdien.

Wees opnuut vol ontferming teenoor ander wat in nood is. Kyk met nuwe oë na die boemelaar, die honger kind op straat en luister met ore vol ontferming na die nood van mense wat saam met jou werk.

Leef vandag voluit as beeld van God.

Sing: Skrifberyming 50:7

Ds L du P van der Vyver (Silverton)